Maart - April 2003

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 2, No. 2 Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Reageer op die Waarheid!

As daar een ding is wat ek vir u as leser van Die Wêreld van Môre kon toewens, sou dit wees dat u die geloof en moed kan hê om op die Waarheid te reageer. Deur hierdie tydskrif sowel as die Wêreld van Môre-radioprogram en ander fasette van die Werk, bied ons aan u kosbare waarhede wat nie deur die meerderheid van die mensdom verstaan word nie. Soos Jesus gesê het: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind" (Mattheus 7:13-14).

Omdat die egte waarheid van God se weg so baie verskil van die "algemene" godsdiens, huiwer baie mense om iets daaromtrent te doen. Andersins is hulle bang dat dit "tot iets sal lei" waarvan hulle nie hou nie en daarom plaas hulle dit uit hul gedagtes. Soos Sir Winston Churchill gesê het: "Die mensdom struikel soms oor die Waarheid, maar die meeste van hulle staan op en stap flink weg asof niks gebeur het nie!"

Is dit 'n raak beskrywing van u self?

In die hoofartikel van hierdie uitgawe, bespreek ek een van die belangrikste aspekte wat u vierkantig in die oë staar. Met die wêreld wat oorlog in die gesig staar en daagliks met die gevaar van terrorisme saamleef, is dit belangrik dat ons besef waarvan God ons in Sy Woord vertel en waarteen Hy ons waarsku. Wanneer Christus binne die volgende paar jaar uit die hemel terugkeer met die trompetgeskal van die sewende basuin en die stede van hierdie rebelse samelewing tot in hul fondamente geskud word (Openbaring 16:17-20), sal u gereed wees en kwalifiseer om saam met Christus in Sy koninkryk te regeer? Soos die apostel Paulus geïnspireer is om te skryf: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie?" (1 Korintiërs 6:2).

Wil dit vir u voorkom asof God "ver weg" is en blyk al die Bybelverse oor Christus, wat 'n werklike koninkryk hier op Aarde kom vestig, vaag en onwerklik te wees? Het u God al werklik leer ken of het u bloot "groot geword" in u ouers se kerk of moontlik slegs by 'n kerk van u eie "keuse" aangesluit? Is "u" kerk werklik God se Kerk? Onderrig dit die egte Waarheid oor die hele doel vir die menslike bestaan?

Dink – vir u eie ewige onthalwe – asseblief hieroor!

Jesus Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (Johannes 6:44). Indien God u verstand open vir dit wat werklik aan die gang is in geprofeteerde wêreldgebeure en vir ware Christene se dringende behoefte om gereed te maak vir heerskappy in Christus se komende koninkryk (Openbaring 2:26-

27), dan hoop en bid ek dat u sal reageer op daardie lewensbelangrike kennis! Tyd is min. Ons leef werklik in die "laaste dae" van hierdie wêreld se samelewing onder Satan die duiwel se invloed.

Om die Waarheid te ken is nie genoeg nie! U moet die moed hê om op die Waarheid te reageer. Vele verse dwarsdeur die Bybel wys ons dat ons moet reageer. Een van my gunsteling skrifgedeeltes is Jakobus 1:22: "En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie".

Namate ons in hierdie Werk die Amerikaanse en Britse afstammelinge waarsku teen die komende Groot Verdrukking, hoor of sien honderde duisende mense ons boodskap oor die televisie, radio of deur die Internet, maar hulle is dikwels verlam deur besluiteloosheid – deur die onwilligheid om enigiets daaraan te doen! Let daarop hoe dikwels mense versuim om op God se boodskap te reageer. God vertel aan Esegiël: "En jy, mensekind, die kinders van jou volk wat oor jou gesels langs die mure en in die deure van die huise - hulle spreek die een met die ander, elkeen met sy broer, en sê: Kom tog en hoor wat die woord is wat van die HERE uitgaan. En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklarings met hulle mond, maar hulle hart

**Vervolg op bladsy 27**

# Inhoudsopgawe


## Voorblad: Persoonlik

**Reageer op die Waarheid**

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

## Hoofartikel..........................3

**Armageddon**

Sal die koms van die nuwe eeu wêreldwyd kernvernietiging bring of sal dit 'n era van blywende vrede inlei?

**Wie was die God van die Ou Testament?..................................9**

Verstaan u die ware oorsprong van Jesus Christus? Weet u wie werklik die Tien Gebooie gegee het? Wie was werklik die God van die Ou Testament?

**Het Jesus die Sabbatdag ontheilig?.................................14**

Die pluk van koringare

**Wat is ware opvoeding..................................18**

'n Groot deel van die hedendaagse opvoeding is gegrond op ateïstiese of selfs anti-God konsepte. In die millenium sal God se lewenswyse 'n absolute ommekeer bring in opvoeding, maar u kan die egte waardes van opvoeding nóu ervaar!

**Wat is 'n roeping van God?.........................................23**

Is u geroep? Wat doen u met daardie roeping?



**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
Gary F. Ehman
**Streeksredakteurs**
Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALIë:**
GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

**KANADA:**
P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

**FILIPPYNSE EILANDE:**
MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

**BRITTANJE:**
P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Armageddon?

Deur Richard F. Ames

*Sal die koms van die nuwe eeu wêreldwye kernvernietiging bring of sal dit 'n era van blywende vrede inlei? Sal die geprofeteerde "Oorlog van Armageddon" die planeet oorweldig? Sal die mensdom oorleef? Wat sê die Bybel? Kom Armageddon werklik?*

Gedurende die "Koue Oorlog" van die 1950's het die bedreiging van kernoorlog soos 'n wolk oor die Verenigde State, sowel as die Sowjet-Unie, gehang en inwoners van albei lande het geskarrel om bomskuilings te bou. In 1962 het die Kubaanse Missielkrisis 'n vreesbevange wêreld tot op die rand van kernuitwissing gebring. Deur die 1970's en 1980's het Sjinese kerntoetse aan teenstandernasies 'n nuwe opkomende geopolitiese supermag aangedui.

Vir die grootste gedeelte van die afgelope 50 jaar het die mensdom met die bedreiging van skielike en gewelddadige vernietiging geleef. Gedurende die afgelope dekade, sedert die ineenstorting van die Sowjet-Unie, het baie mense minder bang geword vir kernkatastrofes, maar is ons werklik veilig? Selfs vandag kan Rusland en die Verenigde State kernmissiele met 'n 15 minute kennisgewing lanseer. Geheimsinnige lande gaan voort om atoomwapens te ontwikkel en die bedreiging van kernterrorisme neem net toe soos wat die tegnologie dit moontlik maak om al hoe kleiner toestelle te bou en deur die groeiende aantal wetenskaplikes met die kennis om dit te vervaardig.

Die verskrikking het al selfs na die buitenste ruim beweeg. Volgens Generaal Joseph Ashy, hoofbevelvoerder van die Verenigde State se Ruimtekommandement: "Ons gaan vanuit die ruimte veg en ons gaan in die ruimte veg ... Dit is waarom die V.S.A. programme ontwikkel het in gerigte energie en tref-om-te-dood meganismes ... Ons sal eendag vanuit die ruimte aardse teikens betrek – skepe, vliegtuie en grondteikens" (aangehaal uit "*Waging War in Space," The Nation,* 27 Desember 1999).

Met hierdie gevare steeds 'n ontsaglike werklikheid, is daar nog 'n wêreldoorlog om die draai? Bybelprofesie gee vir ons die antwoord. Die meeste Bybelstudente het gehoor van die groot eindtydgebeurtenis wat tot 'n punt kom en bekend is as die "Oorlog van Armageddon", maar wat is hierdie oorlog en hoe sal dit u en u gesin raak?

Die boek van Openbaring – die laaste boek in die Bybel – onthul die ligging vir die vergaderplek van die geskiedenis se grootste oorlog: "En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon" (Op. 16:16). Waarom en hoekom sal die leërmagte daar versamel? Net twee verse vroeër lees ons: "Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (Op. 16:14).

Let hierop! Die eintlike stryd word nie die stryd van Armageddon genoem nie. Dit word die "stryd van die groot dag van God die Almagtige" genoem, maar oorlogvoorbereidings begin by Armageddon. Wat is hierdie plek? Die woord Armageddon is 'n transkripsie van die oorspronklike Hebreeus *har megiddo* wat beteken die "heuwel van Megiddo" of die "berg van Megiddo".

Megiddo lê ongeveer 55 myl noord van Jerusalem in Israel. In antieke tye het dit die hoofroete tussen Egipte en Damaskus bewaak. Dit kyk ook uit oor die grootste vlakte in Israel, die Jisreëlvallei of die Esdraelonvlakte. Die Ou Testament spreek van baie groot strydgevegte wat hier plaasgevind het en in die Eerste Wêreldoorlog het die Britse Generaal Allenby, Turkse militêre magte hier verslaan, in wat bekend geraak het as die "Slag van Megiddo".

Met al die historiese veldslae wat by Megiddo plaasgevind het, het die woord "Armageddon" in gebruik geraak om

enige grootskaalse, vernietigende en beslissende stryd te simboliseer. Die mensdom het verskeie verskriklike massavernietigswapens ontwerp. Sal hierdie wapens *ons* Armageddon meebring?

**Die kern-era begin**

Die mensdom voer al vir duisende jare oorlog. Dit is egter minder as sestig jaar gelede dat 'n nuwe wapen van ongekende vermoëns die eerste maal losgelaat is. Die Verenigde State het op 4 en 6 Augustus 1945 atoombomme op die stede van Hiroshima en Nagasaki in Japan gegooi. 'n Nuwe era van massavernietiging het begin.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog, het Generaal Douglas MacArthur, Opperbevelvoerder van die Geallieërde Magte, Japan se onvoorwaardelike oorgawe aanvaar. Aan boord die oorlogskip USS Missouri, het Generaal MacArthur die keuse en die gevaar wat die mensdom in hierdie era in die gesig staar, opgesom:

> Militêre alliansies, magsewewigte, verbondsnasies, het almal om die beurt gefaal en oorlogvoering as die enigste uitweg gelaat. Die uiterste vernietiging van oorlog skakel nou hierdie alternatiewe uit. Ons het ons laaste kans gehad en indien ons nie 'n groter en meer regverdige stelsel ontwerp nie, is ons Armageddon voor die deur. Die probleem is basies teologies en behels 'n geestelike oplewing en verbetering van die menslike karakter, wat met ons byna ongeëwenaarde vordering in wetenskap, kuns, literatuur en alle materiële- en kultuurontwikkelings van die afgelope tweeduisend jaar sal sinkroniseer. Dit moet uit die gees wees indien ons die vlees wil red.

Mense sal voortgaan om 'n weg na vrede te soek, maar sonder om erkenning te gee aan die Skeppergod en Sy opperheerskappy oor die aarde, sal nasies uiteindelik faal. Die apostel Paulus het bykans 2,000 jaar gelede van die mensdom se gewelddadige en teen-God neigings geskryf: "Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (Rom. 3:15-18).

Is daar enige huidige gevaar van kernoorlog? Miskien het internasionale verdrae vrese vir 'n Koue Oorlog besweer; sedert 1968 het meer as 180 volke die verdrag teen die vermeerdering van kernwapens onderteken, maar verskeie kernvolke het nie die verdrag onderteken nie. Baie wat geteken het, word daarvan verdink dat hulle die bepalinge daarvan verbreek. Terroristegroepe sit ook hul aktiwiteite voort en steur hulle nie aan internasionale wetgewing nie.

Bykomend tot kommer oor kernwapens, is chemiese en biologiese wapens 'n groeiende bedreiging. 'n Nuwe bedreiging is op die horison: Tesame met die gevreesde kern-, biologiese- en chemiese- (KBC) massavernietigingswapens, hou 'n nuwe kategorie – genetika, nanotegnologie en robotika (GNR) – nuwe gruwelbeloftes in vir die 21ste eeu.

In sy skrikwekkende skrywe "*Why the future doesn't need us* [Waarom die toekoms ons nie nodig het nie]" (*Wired Magazine,* April 2000, bll. 238-262), bepeins Bill Joy, stigter van Sun Microsystems en 'n vroeë pionier van die minirekenaar-era, die effek van die nuwe GNR-tegnologie op die vegtende mensdom: "Ek dink nie dit is 'n oordrywing om te sê dat ons op die rand staan van die verdere *vervolmaking van uiterste boosheid* nie; 'n boosheid waarvan die moontlikheid selfs verder strek as die massavernietigingswapens toevertrou aan die nasie-state, tot 'n verrassende en verskriklike bemagtiging van ekstremistiese individue".

Joy staan nie alleen in hierdie nugtere waardebepaling nie. Joernalis Gideon Rose bied die volgende ontleding: "Die werklike moeilike probleem sal 'n nuwe soort vermeerdering wees wat die verkryging van chemiese-, biologiese- en kuberwapens deur subnasionale optreders soos terroristegroepe, kultusse of

woedende individue behels. Hierdie wapens is maklik om te maak, moeilik om op te spoor en moeilik om teen te beskerm. Dit beteken dat selfs al spandeer die Verenigde State tientalle biljoene dollars op 'n stelsel om Noord-Koreaanse missiele af te skiet, sal ons nog steeds te make hê met die ewe groot probleem om oordeelsdagkulte of toekomstige "Unabombers", bewapen met dodelike virusse, in hul spore te stuit" (Will Everyone Have the Bomb?, *Time Magazine,* 22 Mei 2000, bl. 103).

Te midde van al ons wetenskaplike vooruitgang in wapenkunde, het die mens se onmenslikheid teenoor die mens nie opgehou nie. Van Kosovo tot Kasjmir, van Oos-Timor tot Tsjetsjnië, duur oorloë en slagtings voort. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het wreedhede teenoor mens en volkere meedoënloos voortgesleep. Volgens *Newsweek:* "Die Volksmoordkonvensie het 'dade wat gepleeg word met die doel om nasionale, etniese, rasse- of godsdiensgroepe gedeeltelik of algeheel te vernietig', onwettig verklaar. Na-oorlogse wreedhede [sluit in]: Bosnië: 300,000 dood, 2 miljoen ontwortel; Kambodja: 1 miljoen dood, 500,000 ontwortel; Ruanda: 1 miljoen dood, 3,5 miljoen ontwortel".

In die lig van hierdie boosheid, kan ons sien waarom oordeel oor die aarde voltrek moet word. Daar is egter ook goeie nuus by die slegte. Jesus Christus, die grootste nuusvoorspeller en profeet in die hele menslike geskiedenis, het vir ons gesê dat die wreedhede sal eindig: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Mat. 24:14).

Jesus het ook geprofeteer oor die gevaarlike tye waarin ons leef: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mat. 24:21-22).

Jesus het nie gepraat van geestelike redding nie, Hy het gepraat van die voorspelling van menslike uitwissing – van *wêrelduitwissing* – die dood van alle lewe op die planeet aarde! Hierdie gevaar word nie slegs deur Bybelstudente erken nie, maar ook deur gerespekteerde wetenskaplikes. Die *Bulletin of the Atomic Scientists* monitor die gevare verbonde daaraan om in hierdie kerntydperk te leef en druk die gevaar uit met die "Oordeelsdaghorlosie". Hoe nader die wysers aan middernag staan, hoe nader reken die wetenskaplikes is die mensdom aan kernvernietiging. Op 11 Junie 1998 het die *Bulletin* die minuutwyser van die horlosie aangeskuif na nege minute voor middernag waar dit tot vandag staan – 'n sprong van 5 minute met die aanduiding dat Indië en Pakistan hulle aangesluit het by die kernklub. Die *Bulletin* het dit bestempel as 'n "mislukking van wêrelddiplomasie in die kernsfeer".

Die *Bulletin* het ook hierdie ontnugterende verslag gebied: "Tussen hulle het Rusland en die Verenigde State steeds meer as 30,000 kernwapens – strategies en takties – in verskeie toestande van gereedheid. Nege jaar ná die val van die Berlynse muur, het Rusland en die Verenigde State gesamentlik sowat 7,000 plofkoppe gereed om afgevuur te word met minder as 15 minute se kennisgewing. Die mensdom, aan homself oorgelaat, het die gereedskap om homself met min waarskuwing uit te wis. Sal ons ons eie vernietiging meebring? Sal Armageddon 'n rol speel in die mensdom se ondergang?

Miskien sal ons nooit weet hoe naby ons gekom het aan die foute wat 'n kernoorlogsbrand kon voorafgaan nie. Die *Bulletin* herinner ons daaraan dat minstens agt nasies vandag kernwapenkapasiteit het. Hoe sou dit vir u stad wees om die teiken te wees van 'n een megaton kernbom? 'n Megaton is die ekwivalent van een miljoen ton TNT. 'n Een megaton kernbom sal vyf tot tien keer meer plofkrag hê as die verskriklike atoombomme wat oor Hiroshima en Nagasaki ontplof het! Ná die ontploffing se skokgolf, hitte-uitstraling en intense vrystelling van X-strale, ontlok dit kragtige vuurstorms in sy volgstroom.

Hoeveel mense sou gedood word deur slegs een so 'n bom? Dr. Alan E. Phillips beskryf dit

soos volg: “Die beraming is dat vir 'n stad van een of twee miljoen om getref te word deur 'n een megatonbom, ongeveer een derde onmiddelik sal sterf of dodelik beseer sal word en die res sal lig of glad nie beseer word nie. Die aantal beseerdes, indien hulle in die hospitale regoor Noord-Amerika ingedeel kan word, sal ongeveer een derde van die aantal beddens beset en natuurlik kan geen hospitaal so 'n invloei van dringende gevalle binne 'n paar dae hanteer nie” (*Position Paper*, Doctors for Global Survival, Kanada, Oktober 1995).

**Armageddon in profesie**

Soos bo genoem, is Armageddon die vergaderplek vir die hoogtepuntstryd van die Groot Dag van die Almagtige God! Reuse leërmagte sal in die Vallei van Megiddo byeenkom om die finale oorlogsbrand op planeet aarde te begin. Waar pas Armageddon in die panorama van profesie in? Die apostel Johannes het die bekende vier perderuiters van Openbaring beskryf. Hulle simboliseer, in volgorde, valse Christusse en valse gelowe, oorloë en die vernietigende effek daarvan, hongersnode wat gewoonlik volg op oorloë asook peste en siektes, wat na hongersnood volg.

Kyk wat sê die Bybel oor die verskriklike vernietiging wat die vier perderuiters bring: “En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die **vierde deel van die aarde** om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde” (Op. 6:8).

Selfs die volksmoord wat ons aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog gesien het, sal onvergelykbaar wees met die dood wat oor die aarde sal kom. 'n **Kwart** van alle mense op aarde sal sterf, terwyl oorlog, hongersnood en siektes oor die planeet sal uitbrei.

Afgesien van die Bybel, sien enigiemand in ons moderne era die moontlikheid van sulke vernietiging? Inderdaad, ja. “My eie grootste kommer oor genetiese manipulasie is ... dat dit die mag gee – hetsy militêr, per abuis of in 'n doelbewuste terroristedaad – om 'n 'Wit Plaag' te skep” (Joy, bl. 249). Moderne wetenskaplikes weet dat hierdie gruwels net anderkant die bult mag lê!

Ten spyte van sy inspeksies in Irak, het die Verenigde Nasies daarin misluk om al daardie land se massavernietigingswapens te vernietig. Die Verenigde State se Weermagsekretaris William Cohen het in November 1998 gesê dat Irak genoeg van die dodelike biologiese wapen VX geproduseer het om almal op aarde te vernietig. Gedurende 'n inligtingsessie aan die Departement van Verdediging het hy gesê: “Oorspronklik het hulle aangedui dat hulle slegs 'n klein hoeveelheid VX het. Een druppel op jou vinger sal jou binne enkele oomblikke doodmaak. Nou glo die Verenigde Nasies dat Saddam [Hussein] soveel as 200 ton VX geproduseer het en dit is natuurlik teoreties genoeg om **elke man, vrou en kind** op die aarde dood te maak”.

Ja, ons staar die gevaar van menslike uitwissing in die gesig. Die vierde seël van Openbaring – of die vierde perderuiter van Openbaring – sal die dood van minstens een en 'n half biljoen mans, vroue en kinders tot gevolg hê.

Die vyfde seël, waarvan ons in Openbaring 6:9 lees, onthul 'n marteltydperk van Christene gedurende die Verdrukkingstydperk van ongeveer twee-en-'n-half jaar. Dan lees ons van die sesde seël wat die Dag van die Here inlei, die tyd van God se woede en oordeel oor die nasies. Daar word na die sesde seël verwys as die hemelse tekens: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit” (Op. 6:12-14).

God verseël dan Sy dienaars om hulle te beskerm deur die Dag van die Here (Openbaring 7), hierdie jaar van oordeel oor die nasies. Daarna open

Christus die sewende seël van Openbaring, wat bestaan uit sewe "trompetplae". Die eerste vier sluit groot ekologiese omwenteling en vernietiging in waarvan ons in hoofstuk 8 lees. Die apostel Johannes beskryf dan in eerste-eeuse taal die moderne oorlogvoering wat hy in sy visioen sien: "En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense. En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus. En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog. En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen. En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion" (Op. 9:7-11).

Johannes beskryf die vroeë stadia van die Derde Wêreldoorlog. Apóllion en Abáddon beteken "vernietiger". Die mag agter hierdie militêre mag is 'n geesteswese, elders beskryf as die slang, Satan die Duiwel, die groot vernietiger.

Die sesde engel blaas 'n trompet wat 'n teenaanval deur 'n massiewe Oosterse leër inlei. Ons het alreeds gesien dat die bleek perderuiter, die vierde van Openbaring, 'n kwart van menselewens sal vernietig. Nou vind ons selfs méér dood op 'n globale skaal: "En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. [Hierdie is beskrywings soortgelyk aan kernontploffings]. Deur hierdie drie plae is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het" (Op. 9:16-18).

***Een derde*** van die mensdom word vernietig! Na die vorige verlies van ongeveer 1,5 biljoen mense, sien ons nou minstens nog 1,5 biljoen sterf! Die apostel Johannes gaan voort met sy beskrywing: "Want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan. En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie" (Op. 9:19-21).

**God sal die verdoemde mensdom red**

God sal tussenbeide tree om die mensdom van totale uitwissing te red. Die sewende trompet sal weerklink en 'n nuwe wêreldregering aankondig – 'n nuwe wêreldorde onder die Koning van konings, Jesus Christus: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Op. 11:15).

Hierdie is die goeie nuus, die evangelie wat hierdie armsalige wêreld so desperaat nodig het. Verbasend genoeg sal die nasies egter steeds teen die Oorwinnende Koning van die Hemele se leërmagte wil veg! In die sestiende hoofstuk van Openbaring, gooi die sesde engel simbolies sy skaal uit vir die laaste fase van die Derde Wêreldoorlog (Op. 16:12-14).

Satan se demone – gevalle engele – vergader daardie leërmagte wat op die punt was om mekaar en alle lewe op aarde uit te wis. Hierdie opposisiemagte staan nou saam om teen Christus te veg met Sy wederkoms. Hulle vergader by Megiddo maar beweeg suidwaarts na Jerusalem om daar teen Christus te veg. Lees in Joël 3:1-2: "Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met

hulle 'n strafgerig te hou ..."

Die Vallei van Jehosafat lê tussen die Olyfberg en die stad Jerusalem. Dit is ook bekend as die Kidronvallei wat 'n ent suidwaarts uitstrek. Ja, die stryd van die Groot Dag van die Almagtige God sal by Jerusalem plaasvind. Jehosafat beteken "Oordeel van die Ewige God". God sal die nasies in hierdie hoogtepuntstryd oordeel.

Die Europese supermag wat in Openbaring "die Dier" genoem word, sal ook op dié tyd geoordeel en gestraf word. Die aarde se leërmagte sal met Sy koms teen Christus probeer veg: "En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees" (Op. 19:19-21).

Die goeie nuus is dat die wêreld nie totaal vernietig sal word in 'n kernslagting nie. God sal die nasies oordeel, insluitend ons Westerse nasies wat geveinsd geraak het – wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. (2 Tim. 3:5). Ons moet individueel geestelik wakker en gereed wees. Soos Jesus sê : "Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie" (Op. 16:15).

Ons moet almal uitsien na Christus se terugkeer na hierdie aarde. Dit is nou die tyd om geestelik voor te berei – om ons te bekeer en ons lewens te verander! Soek God in gebed. Lees die Bybel en sien uit na 'n wêreld onder die Vredevors, Jesus Christus, wanneer alle nasies sal leer om volgens die Bybel te leef, volgens die wet van God, die regering van God en die liefde van God.**§**


# Die Midde-Ooste in Profesie

*Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!*

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

# Wie was die God van die Ou Testament?

## Deur Roderick C. Meredith

*Verstaan u die ware oorsprong van Jesus Christus? Weet u wie werklik die Tien Gebooie gegee het? Wie was werklik die God van die Ou Testament?*

Die meeste godsdiensgeleerdes en skrifverklaarders ken die duidelike teksverse wat ons in hierdie artikel gaan bespreek, maar die meeste van hulle *vermy hierdie teksverse soos die pes*! Of aan die ander kant, maak hulle verbale "danspassies" om hulle – deur hulle kortliks aan te raak in tegniese kommentare – maar dan gaan hulle voort na "veiliger" onderwerpe sonder om hulle op die een of ander wyse meer volledig te bespreek.

HOEKOM?

Hoekom moet belydende Christenleiers bang wees vir die feit dat die Een wat Jesus Christus geword het, voortbestaan het saam met God die Vader sedert alle ewigheid? Hy *was* die God van die Ou Testament, die God wat met Abraham en Moses gepraat het, die God van Dawid, die Een wat die Tien Gebooie eintlik gespreek het. *Waarom* bang wees vir hierdie duidelike Bybelleringe?

Ons sal die donker oorsprong vir hierdie vrees later bespreek. Eerstens moet ons egter die werklike oorsprong van Jesus Christus, die Een wat vir ons sondes gesterf het, verstaan. Wie *was* Jesus Christus werklik? *Waarvandaan* het Hy gekom? Waarom is *Sy* lewe so kosbaar dat dit as betaling vir ons almal – BILJOENE van ons – se lewens gesamentlik kon dien? Dit is *baie belangrik* om die *waarheid* oor hierdie onderwerp te verstaan, maar ook baie inspirerend!

**Die oorsprong van Jesus Christus**

Die apostel Johannes maak dit duidelik dat die Een wat Jesus Christus geword het, van ewig af bestaan het: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Johannes 1:1-3).

Hier dui Johannes aan dat die Woord – die *Logos* of Segsman – sedert die begin saam met God was. Hy was die skeppingsagent, wat namens God die Vader opgetree het om alles te skep wat bestaan. Later: "Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (verse 10-12).

In verskeie teksverse maak die geïnspireerde apostel Paulus dieselfde punt. In Kolossense 1:15-16 praat Paulus van Jesus Christus: "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape". Die boek Hebreërs vertel ons dat God "in hierdie laaste dae tot ons gespreek [het] deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het" (Hebreërs 1:1-2) en ook "maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer" (vers 8). Dan uiteindelik "U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande" (vers 10).

Let daarop dat in vers 8 hierbo Christus aangespreek word as "O GOD". Hy word beskryf as die Een wat "ook die wêreld gemaak het" (vers 2) en wat "die aarde gegrondves" het

(vers 10). Daar is absoluut geen aanduiding in enige van hierdie verse wat deur Paulus en Johannes geskryf is, dat hulle "digterlik" of metafories was nie! Hulle stel doodeenvoudig die feit dat die Persoon wat Jesus Christus geword het "in die begin" saam met die Vader was, dat Hy "die Woord" of Segsman vir die Vader was en dat ALLE dinge direk deur Hom, Jesus Christus, geskep is!

Hoe het dit alles gebeur?

As ons na Genesis 1:1 blaai, lees ons: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape". Alle geleerdes weet dat dit die Hebreeuse woord *Elohim*, 'n meervoudsvorm van die selfstandige naamwoord – soos kerk of gesin – wat hier as "God" vertaal is, met ander woorde een gesin, vele gesinslede. Let nou op Genesis 1:26: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis".

Let daarop dat God sê: "Laat ONS mense maak na ONS beeld". Beide die Vader en die Logos of "Woord", wat later as Jesus van Nasaret gebore is, is hier ingesluit. Die Een wat Jesus Christus geword het, tree *van die begin af* in Sy handeling met die mensdom *op,* namens die Een wat ons God die Vader noem.

Ons sien dit ook in Genesis 18. Hier verskyn die Logos aan Abraham. Hy verskyn NIE in Sy volle heerlikheid in Sy handelinge met Abraham, Moses en andere nie, maar in 'n meer menslike vorm, hoewel tog met 'n "verskil", sodat Abraham erken het dat hy met "die HERE" te doen gehad het (verse 3, 27). Nadat die Here aan Abraham Sy begeerte om Sodom en Gomorra te vernietig weens hul perverse sondes bekend gemaak het, vra Abraham: "Sal die Regter van die ganse aarde geen reg doen nie?" (vers 25).

Hier het Abraham verseker te doen met die Een wat *Jesus Christus geword het,* want Christus onthul Self later: "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee" (Johannes 5:22)! Abraham het sekerlik NIE met God die Vader te doen gehad nie, want die geïnspireerde Woord vertel ons "NIEMAND het ooit God gesien nie" (Johannes 1:18)!

Jesus Self sê: "Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly. Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, IS EK" (Johannes 8:56-58). Die Jode het erken dat die uitdrukking "EK IS" na die God van Israel verwys het. Hulle het gedink dat Jesus nie net gelieg het nie, maar ook godslasterlik was. "Hulle het toe klippe opgetel om Hom te stenig" (vers 59). Hierdie Jode was BLIND vir die feit dat die Persoon wat Jesus geword het, inderwaarheid die God van Abraham, Isak en Israel was! Hulle het daar gestaan besig om *te praat* met die Een wat hul God was en hulle het dit nie eens geweet nie!

**Christus WAS die "God van Israel"**

In Mattheus 22:42-45 daag Jesus die godsdiensleiers van Sy tyd uit: "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?" Die Fariseërs kon Hom nie antwoord nie, want hulle het geweet dat Koning Dawid van Israel definitief geen *menslike* "here" gehad het nie. Hierdie teksvers moes die *twee persone* in die Godfamilie beskryf het, waarvan Een groter is as die Ander. Dit moet ook vir ons duidelik wees dat Dawid se *onmiddellike* "Here" – die Een wat later Jesus van Nasaret geword het – vertel is om aan die regterhand van die Vader te sit TOTDAT dit tyd was vir Hom om Koning van konings te word.

Tog het die Jode geweet dat die komende Messias 'n letterlike "seun van Dawid" sou wees. Hoe kon hierdie een wat ook Dawid se "Here" was, steeds 'n "groter" Here hê wat Hom vertel wat om te doen?

In 1 Korintiërs 10:1-4 lees ons dat antieke Israel in Moses gedoop was en hulle almal "dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike ROTS wat gevolg

het, en die ROTS was Christus". Dit is weer eens duidelik, soos verskeie kommentare erken, dat die Geestespersoon wat met Israel van ouds gehandel het, die Een was wat Christus geword het, want soos ons gesien het, sê Jesus dat "niemand" "God" ooit gesien het nie en daardeur bedoel Hy die Een wat ons die Vader noem. Tog vind ons pas nadat die Tien Gebooie en sommige van die statute aan antieke Israel gegee is, die "God van Israel" inderdaad aan sommige van Israel se leiers verskyn het! "Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abíhu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. Maar Hy het sy hand nie na die uitgesoektes van die kinders van Israel uitgestrek nie, en hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink" (Eksodus 24:9-11). So het meer as 70 van die leiers van Israel "die God van Israel GESIEN". Kan enigiets duideliker wees?

Dit was die Een wat Jesus Christus geword het wat in die tuin van Eden letterlik met Adam en Eva gewandel en gesels het. *Hy* was die Een wat regstreeks met Abraham, Isak en Jakob gehandel het. *Hy* was die Een wat "mond tot mond" met Moses gepraat het (Numeri 12:8). *Hy* was die Een wat die Tien Gebooie van die spits van Sinai af gespreek het!

**Waarom word hierdie waarheid so selde erken?**

Wanneer u die laaste sin in die paragraaf hierbo verstaan, kan u begin besef waarom so baie belydende priesters en predikante wegskram daarvan om die ware oorsprong van Jesus Christus te verduidelik. Byna almal van hulle is geleer dat die Tien Gebooie die produk van 'n wrede "God van die Ou Testament" was en dat Jesus op die een of ander manier "beter" as Sy Vader geweet het. In baie gevalle sê hulle eerder dat die apostel Paulus "beter geweet" het as beide Jesus en die Vader – en dat *hy* met God se wet, die Tien Gebooie, weggedoen het.

Hierdie misleide mense mag opreg wees, maar hulle is "verblind" (2 Korintiërs 4:3-4), nes die GANSE wêreld. Onthou u Jesus se opdrag oor die meeste van die godsdiensleiers van Sy tyd: "Laat hulle staan; hulle is BLINDE leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val" (Mattheus 15:14).

Dit is 'n verleentheid vir mense wat onderrig is dat die Tien Gebooie mee weggedoen is, om te erken dat dit die Een was wat Jesus Christus geword het, wat die Tien Gebooie in gekodifiseerde vorm aan Moses gegee het. Hy is die Een wat as deel van God se groot geestelike wet gebied het: "Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die SEWENDE dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Eksodus 20:8-11).

Die meeste predikante verstaan dat God, deur Christus, Sy mense spesifiek opdrag gegee het om *die* sewende dag te onderhou, NIE net enige dag nie. Hulle weet dat Jesus tydens Sy hele menslike leeftyd die sewende-dag Sabbat onderhou het – *dieselfde dag as wat die ander Jode onderhou het*! Hulle besef moontlik ook dat die oorspronklike Apostels die sewende-dag Sabbat onderhou het. Tesame met talle ander gerespekteerde geleerdes, erken algemene Protestantse kerkhistorikus Jesse Lyman Hurlbutt: "Vir so lank as wat die kerk hoofsaaklik Joods was, is die Hebreeuse Sabbat onderhou" (*The Story of the Christian Church*, bl. 45).

Weer eens verstaan die meeste predikante dat die geïnspireerde skrywer van Hebreërs ons vertel: "Jesus Christus is gister en vandag DIESELFDE en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8) en hulle weet dat nié Jesus, óf die Apostels ooit probeer het om "weg te doen" met die Bybelse Sabbat nie. Indien hulle sodanige pogings sou aanwend om 'n HOOF voorskrif wat van God se eie hand gekom het, omver te

gooi, sou die Jode in die omgewing betoog het en hulle genadeloos vervolg het, hulle NIE toegelaat het om verder in die tempel te aanbid soos hulle vir baie jare gedoen het nie en hulle sou vinnig as ketters en WETTELOOS bestempel word. Die *geweldige* OMWENTELING wat so 'n optrede tot gevolg sou hê, sou die Joodse ontsteltenis oor besnydenis wat in Handelinge 15 beskryf is, by vergelyking na 'n piekniek laat lyk het!

Geen sodanige verandering in God se geestelike WET is natuurlik ooit bespreek of deur Christus of die Apostels ingestel nie. Vir 'n kwarteeu ná die kruisiging en *nadat* die Heilige Gees op die vroeë kerk gekom het om dit te lei, was die oorspronklike Christene steeds "yweraars" vir die WET (Handelinge 21:20). Selfs die apostel Paulus was steeds gehoorsaam aan die geestelike wet van God, die Tien Gebooie. Let op die geïnspireerde vertelling van die opdrag deur die "hoofkantoor" se apostel Jakobus, aan Paulus gegee: "... en almal kan weet dat daar niks is in wat van u vertel word nie, maar dat u self ook wandel as een wat die wet onderhou" (Handelinge 21:24).

**Die logiese gevolg van hierdie WAARHEID**

Indien alle belydende Christene in die WAARHEID onderrig word dat die Een wat hul Redder geword het, die Een is wat die Tien Gebooie gegee het, sal hul optrede miskien heel anders wees. Die wêreld sal moontlik 'n BAIE veiliger plek wees! Almal sal moet besef dat ware Christenskap 'n WETS-GEHOORSAME godsdiens is, 'n LEEFWYSE gegrond op die groot geestelike wet van God. Hulle sal leer dat, alhoewel *niemand* skielik volmaak is nie en ons opdrag gegee word om in God se karakter te GROEI, dit moontlik is om Christus se geïnspireerde voorbeeld te volg deur Sy Gees in ons.

Die apostel Paulus skryf: "Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus LEEF in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20). Christene sou dan die geliefde apostel Johannes se verduideliking van God se eie liefde en HOE dit funksioneer, verstaan: "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie BEWAAR; en sy gebooie is nie swaar nie" ( 1 Johannes 5:3). Hulle sou Johannes se geïnspireerde stelling in Openbaring 14:12 met nuwe begrip lees: "Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus BEWAAR".

Die ware Christus wat duidelik in die Bybel onthul word, het saam met die Vader bestaan sedert alle ewigheid. Hy en die Vader het *tesame* die skepping van die mens beplan. Die Logos, wat Christus geword het, praat vir Homself *en die Vader* wanneer Hy sê: "Laat ONS mense maak na ONS beeld" (Genesis 1:26). Omtrent 4,000 jaar later was die Logos gewillig om die onbeskryflike heerlikheid, mag en majesteit wat Hy altyd met die Vader gedeel het, op te offer.

Korrek vertaal, vertel Paulus ons dat Christus Homself "geledig" het en dan "deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader" (Filippense 2:7-11).

Jesus sê: "Ek en die Vader is EEN" (Johannes 10:30). Dus het die Een wat heeltemal "een" was met God – en wat GOD was – "Homself geledig" om ons Redder te word. Sy lewe is waarlik meer werd as AL ons lewens gesamentlik, omdat Hy nie net die menseras geskep het nie, maar ook die ganse heelal. Deurdat Hy ons met Sy dood aan die kruis *gekoop en betaal* het, "besit" Christus ons *dubbeld en dwars*. Hy is ons Skepper. Hy is ons God. Hy is ons Meester.

Na die dood van die oorspronklike Apostels het daar 'n groot afvalligheid gekom wat die naam van "Christendom" oorgeneem het. Die duidelike

leringe en voorbeelde van Christus en die Apostels is verander. Die konsep dat Christus 'n werklike "Meester" was, is tot niet gemaak en permanent verander. Daar was begin om Hom as 'n "Heer" te beskou, wat *geen gehoorsaamheid* aan die *einste* geestelike WET – die Tien Gebooie – wat Hy vir die mensdom gegee het, verlang het nie. Sy duidelike en volgehoue lering "Maar as jy in die lewe wil ingaan, ONDERHOU die gebooie" (Mattheus 19:17), was nou weg, verduidelik slegs as 'n opdrag aan die Jode. Dieselfde met die kragtige stellings van die apostel Johannes, soos "Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Johannes 2:4). Hierdie duidelike stellings was verduidelik as slegs van toepassing op die "gees" van die wet of op die een of ander "nuwe" gebod van Jesus. Wanneer u egter hierdie nuwe gebooie bestudeer, is hulle net uitbreidings van die Tien Gebooie, wat Jesus Self op die berg Sinai gegee het. Weer eens "Jesus Christus is gister en vandag DIESELFDE en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8).

Mag God *almal* wat hier lees help om te VERSTAAN en te reageer op die ware Jesus Christus van die Bybel. Soos Hy sê: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Indien u werklik die Christus van die Bybel wil gehoorsaam, skryf vandag aan ons en versoek u GRATIS eksemplaar van ons baie onthullende en goed nagevorsde boekie, *Watter dag is die Christelike Sabbat?*

In hierdie publikasie is ons betrokke in die *hervestiging van die Christenskap van die Apostels*, die godsdiens wat Jesus en die Apostels werklik onderrig en beoefen het. Die Lewende Jesus Christus – die Een wat vir ewig saam met die Vader bestaan het – is die Een wat u sal *lei*, *krag gee* en *seën* INDIEN u *doen wat Hy sê* en Hom aanbid, nie net as Redder nie, maar as Heer en Meester, nou en vir ewig.§


# Die God wat u kan leer ken

***Kan enigiets meer belangrik wees as om die ware God te leer ken? Dit is die belangrikste kennis wat enige mens ooit kan bekom. Tog het baie min van die ses biljoen mense op hierdie aarde 'n duidelike idee van die natuur van die Skepper-Heerser van die heelal.***

***Wat is u begrip van God? Het u 'n definitiewe, helder beeld van die ware God se natuur? Of het u 'n vae, wasige begrip van die Groot God wat die heelal geskep het en aktief daaroor heers?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# Het Jesus die Sabbatdag ontheilig?

Deur Dexter B. Wakefield

*Die pluk van koringare*

Oral waar Jesus gegaan het, wil dit voorkom asof die godsdiensleiers van Sy tyd Hom gevolg het om te sien of hulle êrens kon fout vind. Aangesien hulle Jesus se leringe as "onortodoks" afgemaak het, was hulle veral geïnteresseerd daarin om Hom as teenstander van die wet in onguns te bring.

Dit is ironies dat baie van diegene wat vandag daarop aanspraak maak dat hulle Jesus volg, steeds die beskuldiging van die skrifgeleerdes en Fariseërs voorhou, naamlik dat Jesus Sy Vader se wet verbreek, omseil of mee weggedoen het. Hulle verwys soms na Markus 2:23-28: "En terwyl Hy op die sabbat deur die gesaaides loop, het sy dissipels al gaande are begin pluk. Toe sê die Fariseërs vir Hom: Kyk, waarom doen hulle op die sabbat wat nie geoorloof is nie?" (verse 23-24).

Iemand wat honger is, kan voeding verkry deur ryp koringare te pluk, dit tussen die hande te vryf om die doppe te verwyder en die oorblywende graankorrels te eet. Dit was algemene praktyk in Jesus se tyd en as u in 'n graanstreek woon, het u dit dalk self al gedoen.

Die Fariseërs het nie die dissipels van diefstal beskuldig nie. Dit was geoorloof vir verbygangers om graan te neem wat hy daar en dan kon eet, solank hy nie 'n hoeveelheid ge-oes het om later te eet of te verkoop nie. "As jy in die ongesnyde graan van jou naaste kom, mag jy met jou hand are afpluk; maar 'n sekel mag jy nie swaai in die ongesnyde graan van jou naaste nie" (Deuteronomium 23:25).

**Ge-oes?**

Ten spyte van hierdie teksvers in Deuteronomium, het die Fariseërs Jesus se dissipels daarvan beskuldig dat hulle op die Sabbat ge-oes het, of dan ten minste soos hulle "oes" omskryf. In die wet wat God aan Moses gegee het, naamlik die Tora of Pentateug (Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium), is dit inderdaad verbode om op die Sabbatdag te oes. "Ses dae moet jy arbei, maar op die sewende dag moet jy rus. In die ploegtyd en in die oestyd moet jy rus" (Eksodus 34:21). Geringe voorbereiding en bediening van voedsel word egter wel op die Sabbat toegelaat.

Hoe het dit dan gekom dat die skrifgeleerdes en Fariseërs die dissipels daarvan beskuldig het dat hulle ge-oes, dus gewerk het, op die Sabbatdag? Nadat die stam van Juda van die Babiloniese ballingskap in Esra se tyd teruggekeer het, het die priesterdom 'n uitgebreide, mondelinge tradisie gehad wat die Tora vertolk het. Hierdie mondelinge rabbynse tradisie, wat later gekodifiseer is as die Misjna, is as gesaghebbend beskou en om 'n punt van hierdie vertolking te verbreek, was in dieselfde lig gesien as die verbreking van 'n bepaalde wet in die Tora, soos byvoorbeeld die wet dat daar nie op die Sabbat gewerk mag word nie. Eksodus 20:8-11 sê: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig".

**Is tradisie dieselfde as wet?**

Wat behels werk? Die Misjna wat uit die mondelinge rabbynse tradisie van Jesus se tyd kom, lys "*veertig minus een*" take wat

beskou word as "werk" – 'n verbreking van die Sabbat – vir 'n Jood.

Die lys sluit landbou aktiwiteite soos dors en uitwan – die verwydering van die doppe van koringare en verdelinge van die gevolglike kaf van die koring – in (Misjna, *Shabbath*). Onthou dat 'n oortreding van hul *mondelinge tradisie van 'n wet* vir die skrifgeleerdes en Fariseërs dieselfde was as die verbreking van 'n wet self. Daarom kon die Fariseërs wat Jesus se dissipels dopgehou het waar hulle die koring pluk en vryf, sê: "Kyk, waarom doen hulle op die sabbat wat nie geoorloof is nie?", hoewel sodanige aktiwiteit nie spesifiek verban of as "oes" in die Pentateug omskryf word nie.

Dit is interessant dat nie alle antieke Joodse gesaghebbendes met die Fariseërs van Jesus se tyd, saamstem nie. Die skrywers van die Talmoed maak die stelling dat 'n mens op die Sabbat koring-are mag pluk en eet, mits hy die koring met sy vingerpunte vryf en nie met die hele hand nie. 'n Ander deskundige (Rabbi Judah ben El'ai) sê dat dieselfde handelinge uitgevoer kon word, mits 'n werktuig nie gebruik word nie.

Die Fariseërs het hul rol as vertolkers van die wet met jaloesie bewaar en enige verskil hewig teengestaan. Jesus, die Groot Wetgewer in persoon, het egter geweet dat hul redenasies soms verkeerd was. Al Jesus se botsings met die skrifgeleerdes en Fariseërs aangaande die Sabbat, het gehandel oor bewysbare foute in hul mondelinge tradisie aangaande die Tora. In elke geval het Jesus na die Skrif gegaan om te onderrig wat eintlik met 'n spesifieke wet bedoel was en sodoende het Hy die Sabbatsgebod bevestig en uitgebrei. *Jesus het nooit gesê dat dit toelaatbaar is om die wet, soos aan Moses gegee, te breek nie en Self sou Hy dit nooit doen nie*. Baie skrifverklaarders neem verkeerdelik aan dat Jesus en die Fariseërs verskil het oor die geldigheid van die Sabbatsgebod soos in die Tora gegee. In der waarheid *het hulle verskil oor 'n deel van die rabbynse mondelinge tradisie, wat die Misjna geword het*. Deur die Fariseërs te wys op die regte vertolking van 'n bepaalde aangeleentheid aangaande die Sabbat, het Jesus nie die Sabbat ondermyn of ontken nie, maar dit bevestig.

**'n Verkeerde aanname**

Die Fariseërs wat die dissipels daarvan beskuldig het dat hulle die Sabbat-oeswet verbreek het, het 'n verkeerde aanname gemaak. Omdat hulle die goddelike wet primêr gesien het as 'n stelsel beperkings, het hulle aangeneem dat die mees beperkende interpretasie van die wet die mees regverdige was. Sodoende het hulle toenemend meer eng beperkings nagestreef en dus soms die bedoeling van die wet uit die oog verloor.

'n Persoon se lewe bestaan egter nie uit wat hy of sy doen of nie doen nie. Die apostel Paulus skryf: "deur die wet is die kennis van sonde" (Romeine 3:20) en Jesus het verseker bekering van sonde onderrig (Markus 1:15). Hy het Sy dissipels ook geleer om 'n bekeerde lewe te leef, wat 'n hele lewenswyse is – om te doen wat reg is in God se oë. Die Fariseërs moes verstaan wat God se prioriteite was in hul Sabbat-onderhouding.

Toe die Fariseërs sien dat die dissipels koringare pluk, kon hulle die wet genadevol vertolk het en honger manne gesien het, wat voorberei en eet. Pleks daarvan het hulle verkies om die wet in sy mees beperkende sin te sien, wat oes en uitwan verbied. Was hul tradisionele vertolking wat God sou wou hê? Jesus kies 'n Bybelse presedent om te wys dat hulle verkeerd was: "En Hy sê vir hulle: Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het nie – toe hy in die nood was, en hy en die wat by hom was, honger gehad het – hoe hy in die huis van God gegaan het in die tyd van Ábjatar [seun van Ahiméleg], die hoëpriester, en die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof is om te eet nie; en ook aan die wat saam met hom was, gegee het? En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat" (Markus 2:25-28).

**Terug na Dawid**

Baie mense glo dat Jesus Sy

reg laat geld het om die Sabbat te verbreek wanneer Hy wou (en dat Sy dissipels by uitbreiding ook kon) of dat Hy op 'n manier met een van die Tien Gebooie weggedoen het. 'n Vinnige kykie na die werklike Bybelse weergawe waarna Jesus verwys het, onthul egter Sy ware bedoeling.

"En Dawid het in Nob gekom by die priester Ahiméleg; en Ahiméleg het Dawid bewend tegemoetgegaan en hom gevra: Waarom is u alleen, en is daar niemand by u nie? En Dawid sê aan die priester Ahiméleg: Die koning het my 'n opdrag gegee en aan my gesê: Laat geen mens iets van die saak weet waarvoor ek jou stuur en wat ek jou opdra nie. Daarom het ek die dienaars 'n sekere plek aangewys. Maar nou, wat is hier by u? Gee vyf brode in my hand, of wat beskikbaar is. En die priester het Dawid geantwoord en gesê: Hier is geen gewone brood by my nie; hier is net heilige brood. As die dienaars hulle maar net vir vroue in ag geneem het. Toe antwoord Dawid die priester en sê vir hom: Sekerlik is die vroue aan ons onthou soos altyd wanneer ek uittrek. Dus is die uitrustings van die dienaars heilig, alhoewel dit 'n ongewyde onderneming is – hoeveel te meer as hulle vandag deur die uitrusting geheilig word! Toe gee die priester hom die heilige brood, want daar was geen ander brood nie, behalwe die toonbrode wat voor die aangesig van die HERE weggeneem word, om vars brood neer te sit op die dag as dit weggeneem word" (1 Samuel 21:1-6).

Jesus erken teenoor die Fariseërs dat dit onwettig is vir 'n ongeheiligde persoon om van die toonbrode in God se tabernakel te eet en dit was waar dat slegs die priesters normaalweg geheilig en seremonieel geskik was om dit te eet. Waarom het die Hoëpriester Dawid egter gevra of enige van die manne die afgelope drie dae by vroue was? Slegs een insident in die Bybel koppel drie dae van onthouding met seremoniële heiliging van nie-priesters. Ahiméleg het verwys na lank gelede, toe die Tien Gebooie by Sinai gegee is vir 'n *wettige* manier om genade te betoon aan die honger manne. "Toe het Moses van die berg af na die volk gegaan en die volk geheilig, en hulle het hul klere gewas. En hy het aan die volk gesê: Hou julle klaar teen die derde dag; moenie naby die vrou kom nie … Daarop het Moses die volk uit die laer gelei om God te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg" (Eksodus 19:14-15, 17).

Op hierdie wyse het God die hele vergadering toegelaat om seremonieel geheilig te word, sodat hulle voor Hom mag verskyn het, om die uitspreek van die gebooie te hoor.

**Nie onwettig**

Die Hoëpriester het nie vir Dawid en sy manne gesê dat hulle iets onwettig mag doen nie. Hy het 'n wettige bevinding gemaak, gegrond op 'n antieke presedent wat God deur Moses geskep het en sodoende genade aan die honger, moontlik verhongerde, manne betoon. Hierdie bevinding het die manne toestemming gegee om te eet, omdat hulle seremonieel geheilig was deur hul drie dae lange onthouding. Selfs 'n priester moes seremonieel geheilig wees om die toonbrode wettig te eet (hoewel hierdie heiliging anders gedoen is). Die Hoëpriester kon baie maklik 'n meer beperkende siening gehad het, maar hy het verstaan dat dit nie die mees regverdige benadering sou wees nie. Let ook daarop dat Dawid klaarblyklik onmiddellik Ahiméleg se verwysing herken, so is daar 'n moontlikheid dat die drie dae onthouding reëling 'n bestaande mondelinge tradisie was, waarvan Dawid kennis gedra het.

Onder ander omstandighede sou die optrede van Dawid, sy manne en die Hoëpriester onwettig gewees het, maar Jesus dui aan dat Dawid se optrede in hierdie geval *nie onwettig was* nie. Sommige mense sê dat Jesus sy dissipels se verbreking van die wet geregverdig het, omdat Hy gedink het dat Dawid die wet gebreek het, maar inderwaarheid verwys Jesus na hierdie insident omdat beide Sy dissipels, sowel as Dawid se optrede, *wettig en regverdig* was.

In 'n parallelle vertelling in Mattheus 12, haal Jesus aan uit Hosea 6:6: "Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil

barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie; want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat" (Mattheus 12:7-8).

Jesus wys aan die Fariseërs dat hul tradisionele vertolking van die Tora in hierdie geval verkeerd was. Vir Sy bevinding haal Hy Dawid se Hoëpriester aan wat Moses aangehaal het, wat God aangehaal het. Omdat ons weet dat Jesus die God van die Ou Testament was, haal Jesus Homself in effek aan. Hy is inderdaad "die Here ook van die Sabbat" en omdat Hy dit vir die mensdom gemaak het, is dit Sy reg om dit vir die mensdom te vertolk. Sodoende het Hy die Sabbat uitgebrei en bevestig.

**Wat is …**

**Die Tora?**

In Hebreeus "*Lering*" of "*Onderwysing*". In Judaïsme, in die wydste sin die wese van goddelike openbaring aan Israel, die Joodse volk; God se onthulde lering of riglyn vir die mensdom. Die betekenis van "Tora" is dikwels beperk om die eerste vyf boeke van die Ou Testament aan te dui en word ook die "Wet" of "Pentateug" genoem; Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Die term "Tora" word ook gebruik om die hele Hebreeuse Bybel aan te dui. Omdat die wette en gebruike wat deur mondelinge tradisies oorgedra was, vir sommige Jode 'n onafskeidbare deel uitgemaak het van God se openbaring aan Moses en die "mondelinge Tora", word die Tora ook verstaan om beide die Mondelinge sowel as die Geskrewe Wet in te sluit" (*Encyclopaedia Britannica*, "Torah").

**Die Misjna?**

Die Misjna wat in Hebreeus, *herhaalde studie* beteken "... is die oudste gesaghebbende na-bybelse versameling en kodifisering van Joodse mondelinge wette, stelselmatig saamgestel deur verskeie geleerdes (die tannaim genoem), oor 'n tydperk van ongeveer twee eeue. Die kodifisering was vroeg in die 3de eeu 'n finale vorm gegee deur Judah ha-Nasi. Die Misjna is aanvullend tot die geskrewe of Bybelse wette van die Pentateug. Dit verskaf verskeie vertolkings van uitgesoekte wetlike tradisies wat mondeling behoue gebly het sedert, ten minste die tyd van Esra (rondom 450 v.C.)" (op.cit., "Mishna").

**Die Talmoed?**

In Hebreeus "*Studie*" of "*Leer*". "Hoewel die Misjna die mees omvattende versameling Joodse wette tot daardie tyd bevat, was dit nie bedoel om sake te besleg wat teenstellende vertolkings behels nie. Feitlik dadelik, het Joodse geleerdes in Palestina en Babilon begin om uitgebreide vertolkings van die Misjna te verwerk wat bekend staan as die Gemara. Nadat die werk verskeie eeue later voltooi was, was die Misjna en Gemara tesame opgeneem en die "Talmoed" genoem" (op. cit., "Halakhah").§


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie belangrike vraag te kry!

# Wat is ware Opvoeding?

## Deur Richard F. Ames

*'n Goot deel van die hedendaagse opvoeding is gegrond op ateïstiese of selfs anti-God konsepte. In die millenium sal God se lewenswyse 'n absolute ommekeer bring in opvoeding, maar u kan die egte waardes van opvoeding nóu ervaar!*

'n Groot deel van die hedendaagse opvoeding is gegrond op ateïstiese of selfs anti-God konsepte. In die millennium sal God se lewenswyse 'n absolute ommekeer bring in opvoeding, maar u kan die egte waardes van opvoeding nóu ervaar!

Wat neem deesdae die plek van die Tien Gebooie en gebed, wat nie meer algemeen in ons klaskamers voorkom nie, in? Selfs al is baie van die land se voorste en prominentste universiteite in die naam van Christendom gestig, ignoreer meeste van die hedendaagse opvoeders die grondslag vir waarheid, naamlik God se Woord. Hulle onderrig dat daar geen absolute reg of verkeerd is nie en dat daar geen uiteindelike gesag, behalwe die self, is nie. Studente word selde in God se ewige wet onderrig; hulle leer eerder van humanisme en materialisme.

Hoe het dit gekom dat ons opvoedkundige stelsel 'n klemverskuiwing ondergaan het? Baie universiteite wat gestig was om Bybel-onderrig te gee en om God se morele wet te handhaaf, het teen die 1960's die toevlug vir nihilisme en anti-God sentimente geword. Sedert die 19de eeu het hulle die stelsel en later die ideale van die Duitse universiteite en filosowe aangeneem.

Een van die bekendste onder hierdie filosowe was Friedrich Nietzsche, wie se filosofie nie slegs ateïsties nie, maar sterk anti-God was. Hy het geskryf: “God is dood; maar soos mense maar is, mag daar vir nog duisende jare grotte wees waarin sy skadu getoon word. En ons – ons moet ook nog sy skadu oorwin” (*The Gay Science*, Nietzsche, 1882, deel 108). Nietzsche is nou dood, maar sy filosofie leef vandag steeds in anti-God gedagtes voort. Gedurende die opskudding van die 1960's, het dit selfs uit die filosofie boeke in die nuusopskrifte beland, toe die bekende *Time*-tydskrif op die voorblad van sy uitgawe van 8 April 1966 gevra het: “Is God dood?”

Baie intellektualiste van die 18de en 19de eeue het gesien dat die Christendom van sy oorspronklike apostoliese oorsprong afgedwaal en die heidense gebruike van die omliggende samelewing aangeneem het. Pleks daarvan om die moderne opvoeding op die Christendom se ware Apostoliese fondasie te herbou, het baie intellektualiste daarna gestreef om daardie fondasie heeltemal te vernietig! Hulle het een soort valse opvoeding en godsdiens verwerp, maar wou dit vervang met goddelose opvoeding, eerder as met goddelike opvoeding.

### Die ware fondasie vir opvoeding

Die Christendom wat deur Jesus Christus en die Apostels beoefen is, het 'n voorbeeld vir alle tye gestel. Daardie voorbeeld het die beoefening van die geestelike wet van God, die Tien Gebooie, sowel as die weg van liefde ingesluit wat deur Jesus Christus onderrig is. Christus sê aan Sy volgelinge: “As julle in My woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:31-32).

Beteken dit dat hierdie aarde se 2 biljoen belydende Christene almal oor die waarheid beskik? Het dit hulle vry gemaak? Ons weet dat groot dele van hierdie aarde in donkerte en onkunde gehul is; ganse kulture, volke en nasies word deur vals opvoeding verblind. Maar hoe skaars is ware opvoeding én

ware kennis?

Ons lees 'n skokkende stelling in die boek Openbaring: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Hierdie groot gevalle engel, wat die duiwel en Satan genoem word, mislei nie net die minderheid nie, maar die oorgrote meerderheid van mense. Om eenvoudig deel te wees van 'n derde van die mensdom wat hulself "Christenne" noem, is geen waarborg dat 'n mens nie mislei is nie!

Presies wat is hierdie waarheid waarmee Satan die hele wêreld mislei? Natuurlik is daar wetenskaplike waarhede wat getoets kan word. Die wetenskap kan, tot 'n mate, die "wat" en "hoe" van natuurwette verduidelik, maar tog kan dit nie die "waarom" van ons bestaan verduidelik nie! Daardie waarhede is buite die strekking van natuurwette en kan slegs deur die Een wat daardie wette geskep het, verduidelik word. Wat sê die Skepper oor die waarheid? Toe Jesus, die aand voor Sy kruisiging, tot Sy Vader gebid het bid Hy vir Sy dissipels: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17).

Ja, die Woord van God is waarheid! U moet aan uself bewys dat die Bybel die openbaring van die Skeppergod is. Die apostel Paulus skryf: "Die hele Skrif is deur God ingegee …" (2 Timotheus 3:16). Die Griekse woord wat as "ingegee" vertaal is, is *theopneustos*, wat beteken "goddelik ingeasem". Die Nuwe Vertaling vertaal dit as: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer ..." Toe Paulus dit geskryf het, was die boeke wat ons die "Ou Testament" noem, die enigste gekodifiseerde "Skrif", tog verkies talle Christene vandag om die eenvoudige leringe van die Ou Testament ten gunste van Nuwe Testamentiese geskrifte te ignoreer. Maar die Nuwe Testament self vertel ons anders. *Alle* Skrif is deur God ingegee!

**Hoe leer 'n mens?**

Ware opvoeding moet gegrond wees op die waarheid wat God in Sy Woord onthul. Hoeveel universiteit-administrateurs, professors of studente ken egter die ware doel en betekenis van die lewe? Die meeste van hulle aanvaar die evolusionêre idee dat die mens slegs 'n dier is.

Tog onderskei 'n geestelike komponent in 'n menslike brein, die dierebrein van die menslike verstand. Wetenskaplikes weet dat die mens se brein veel meer "werksverrigting" vir sy gewig lewer, as enige ander spesie se brein. 'n Paar wetenskaplikes het afgelei dat hierdie kapasiteit slegs verduidelik kan word deur die teenwoordigheid van 'n geestelike komponent. Hoewel hierdie wetenskaplike gevolgtrekking nie algemeen aanvaar word nie, stem dit ooreen met wat die Skrif onthul. Die apostel Paulus skryf: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die *gees van die mens* wat in hom is?" (1 Korintiërs 2:11).

Hierdie is *nie* 'n onsterflike siel nie. Dit is 'n geestelike wese gekombineer met 'n brein, wat mense *baie meer* as diere bemagtig. Dit harmoniseer die wetenskap en die Bybel en verduidelik 'n aspek van die menslike verstand wat vir die meeste opvoeders en "kundiges" verborge bly. Sir John Maddox, redakteur emeritus van *Nature*, skryf in 'n *Time*-tydskrif 'n gedeelte oor "Denkvermoë":

> Hoe die brein daarin slaag om te dink is 'n raaisel met 'n millenniale tydskaal. Alle diere het breine sodat hulle kan rondbeweeg. Seine van die sintuie – die oë, ore, neus of vel, soos die geval ook al mag wees – stuur boodskappe na die rugmurg, wat die ledemate na behore beweeg. *Denkvermoë* behels egter die oorweging van alternatiewe reaksies, waarvan baie nie ondervind word nie, maar slegs verbeel word. Die vermoë van bewustheid, van wat in die kop aangaan, is 'n *ekstra raaisel*. 'n Eeu van nou af, sal winkels (of webwerwe) wat elektronika verkoop, allerhande toestelle

> adverteer wat sommige van die werkinge van die brein namaak, maar neuro-wetenskaplikes sal steeds *sukkel om* die dinkmasjien in ons almal se koppe *te verstaan.* ("The Century's Greatest Minds," *Time*, 29 Maart 1999, bl. 206)

Maddox, 'n wêreldbekende fisikus, voorspel dat die raaisel van die menslike denkvermoë selfs 'n eeu van nou af nog nie opgelos sal wees nie. Met die begrip van die Skrif kan 'n mens sien dat opvoeding wat slegs op materiële en fisiese kennis gegrond is, jammerlik beperk is. Wanneer 'n opvoedkundige stelsel die bestaan van God en van die gees verwerp, verwerp dit fundamentele werklikhede en waarhede!

**Die mensdom se mislukte opvoedingstelsel**

Indien ons moderne opvoedingstelsel nie die antwoorde oplewer waarna ons soek nie, moet ons ten minste beïndruk wees met die stelsel self, dan nie? Universiteite kan beslis sommige areas van materiële kennis suksesvol onderrig, maar wat gebeur wanneer hierdie instansies afgesny is van die waardes wat hulle leiding moet gee?

Wat gebeur in die moderne universiteit? Een ongelukkige akademikus skryf die volgende: "Die gemiddelde Amerikaner hou vol met die gedagte dat die klaskamer die middelpunt van aktiwiteite op universiteit is. Universiteit-administrateurs moedig sulke denkbeeldige idees aan omdat dit goeie openbare betrekkinge (en betrekkinge met die wetgewers) handhaaf. Onder hulself weet hulle egter hoe oudmodies en platweg onakkuraat dit is. Toe 'n vise-kanselier van een van die *Groot Tien* universiteite in Amerika gevra is om die missie van sy skool te beskryf, noem hy vyf aparte verantwoordelikheidsgebiede: ekonomiese ontwikkeling, diens aan die staat, skepping van nuwe kennis, opleiding van graadstudente en heel, heel laaste, onderrig" (*Profscam*, Sykes, 1988, bl.29).

Die moderne universiteit het van sy oorsprong afgedwaal. Dit minimaliseer nie slegs die onderrig van waardes nie, maar ook die waarde van onderrig. Daar is sekerlik waarde in navorsing, ekonomiese ontwikkeling en openbare diens, maar ware opvoeding, soos dit deur die Bybel voorgestel word, oortref die produsering van kennis. Dit moet geestelike waardes onderrig waarsonder al die ander studies na ondergang sal lei!

Kan iemand werklik opgevoed wees sonder om die verskil te ken tussen reg en verkeerd? Die apostel Paulus verdoem daardie intellektualiste ten sterkste wat die waarheid en werklikheid van God verwerp: "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, hoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het *dwaas* geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle *dwaas* geword" (Romeine 1:18-22).

Regdeur die Bybel is baie sterk aanklagte teen anti-God opvoeding: "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is *niemand wat goed doen nie*. Die HERE het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie. Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, die wat my volk opeet asof hulle brood eet? Hulle roep die HERE nie aan nie" (Psalm 14:1-4).

God wil 'n heilige en regverdige karakter in Sy mense ontwikkel. God wil hê dat Sy mense toeneem in die soort goddelike kennis wat hulle sal lei om "tot God te roep" om tot Sy Heilige Gees toe te gee en om *goed te doen* (sien ook Mattheus

4:4; Lukas 4:4).

Om die uitwerking van moderne universiteite se anti-God opvoeding teen te werk en studente te help om 'n goddelike karakter te ontwikkel, het Herbert W. Armstrong drie kolleges, gegrond op ware goddelike opvoeding gestig. Hul leuse was "Herwin Egte Waardes". Studente is onderrig om Bybelse waardes op elke lewensterrein toe te pas, insluitende op die terrein van kuns, literatuur, wetenskap, musiek, humor en mense-verhoudings. Die hoofredakteur van hierdie tydskrif, Dr. Roderick C. Meredith het as vise-kanselier by elk van hierdie kolleges gedien en mnr. Armstrong bygestaan in die uitvoer van hierdie noodsaaklike onderneming. Ons kan "egte waardes herwin" sonder 'n kollege omgewing, deur God se Woord te bestudeer en Bybelse kennis toe te pas in alles wat ons dink, sê en doen. Sodoende kan ons die impak van Jesus se stelling "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê" (Johannes 10:10) beter begin besef.

Hoe herken 'n mens lewe in oorvloed? Die Grieke het na wysheid gesoek en die Jode na wonderlike tekens van God se krag. Die apostel Paulus verduidelik dat die Seun van God beide hierdie elemente ver bo die beperkings van die sterflike mensdom verpersoonlik het: "Want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense" (1 Korintiërs 1:22-25).

Inderdaad word baie min van diegene wat die wêreld "wys" of "edel" noem, met ander woorde die rykes, magtiges en intellektualiste, deur God geroep. "Nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam … sodat geen vlees voor Hom sou roem nie" (1 Korintiërs 1:26-27, 29).

Dit is hoeveel God ydelheid haat! Diegene wat hulself so wys ag dat hulle "voor Hom sou roem," is *nie* diegene wat God sal roep nie! God onthul eerder Sy waarheid aan "dwase" Christene mits hulle 'n bekeerde, nederige en leerbare gees het! Soos die apostel Paulus skryf: "As iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang" (1 Korintiërs 3:18-19).

**God: Die grootste Leermeester**

Ware opvoeding moet gegrond wees op die waarheid van God. Alle ander grondleggings is tevergeefs, slegs 'n Christen met die bereidwilligheid om by die Groot Leermeester te leer en Sy voorbeeld te volg, sal 'n behoorlike fondasie bou om ware kennis te ontvang. Jesus Christus onderrig Sy studente: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Mattheus 19:17). Dan noem Hy verskeie van die Tien Gebooie op.

Waarom is die Tien Gebooie die fondasie van ware opvoeding? Omdat hulle ons reguit vertel wat reg en wat verkeerd is! Hulle onthul die weg van vrede en voorspoed wat God vir die ganse mensdom beoog. Wat gebeur met diegene wat God se duidelike wette ignoreer? Soos die apostel Paulus skryf: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (Galasiërs 6:7-8).

Is dit enigsins 'n wonder dat immoraliteit en perversiteit die Westerse samelewing die afgelope paar dekades verwoes het? Afgetrede Amerikaanse appèlregter Robert H. Bork waarsku: "Ons is goed op pad na die morele chaos wat die einde van radikale individualisme is … Gomorra is ons waarskynlike bestemming" (*Slouching Towards Gomorrah*, Bork, 1996, bll. 331, 343).

In teenstelling skryf Koning Dawid oor die opvoeding wat uit 'n grondige fondasie spruit: "Hoe

lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele. Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek u woord kan bewaar. Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, *want Ú het my geleer*" (Psalm 119:97-102).

God het Koning Dawid onderrig en Hy wil al Sy mense onderrig. Wanneer u eers die geestelike wette begin toepas wat God in die Bybel onderrig en wat Jesus Christus in die "Bergpredikasie" uitgebrei het, kan u groter begrip en ware kennis bekom. Soos ons in Psalm 111:10 lees: "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand".

Namate u streef om God te gehoorsaam, sal Hy geestelike kennis deur die Heilige Gees aan u openbaar. Paulus verduidelik voorts die verskil tussen die kennis van 'n bekeerde Christen en die kennis van 'n nie-bekeerde persoon: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het" (1 Korintiërs 2:11-12).

Net soos 'n dierebrein nie die "dinge van 'n mens" kan verstaan nie, kan die vleeslike, natuurlike verstand van 'n mens ook nie die "dinge van God" verstaan nie. Paulus verduidelik verder: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" (1 Korintiërs 2:14). Geestelike waarheid word geestelik onderskei; dit kan nie deur natuurlike menslike intellek bekom word sonder die gawe van God se Heilige Gees nie (Handelinge 2:38).

Omdat ons hedendaagse wêreld ware opvoeding verwerp het, ken dit nie die weg na ware vrede nie, maar Christene kan die waarheid ken en uitsien na die Wêreld van Môre, waar alle nasies uiteindelik studente van die Groot Opvoeder sal word. Hoe sal daardie opvoeding daar uitsien? Die Skrif gee ons hierdie bemoedigende beskrywing: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:2-4).

Sodanige vrede sal slegs na die wêreld kom deur ware opvoeding in die komende Koninkryk van God, maar u kan daardie vrede nou in u eie lewe ondervind. Ware opvoeding is opleiding in die waarheid – en die Bybel is die beginpunt van die waarheid. Dit onthul hoe om God en u naaste lief te hê. Dit onderrig die ware leefwyse. Soos Jesus in Johannes 14:6 sê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe". Hierdie tydskrif bestaan om u te help in u studie van daardie waarheid en ons het die *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus* saamgestel om u te help om u begrip van die kosbare waarhede van u Bybel te verbreed. Skryf gerus vandag daarvoor. God wil hê dat al Sy mense opgevoed word in Sy weë. **§**

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Wat is 'n roeping van God?

Deur Douglas S. Winnail

*Is u geroep? Wat doen u met daardie roeping?*

Die Bybel praat van mense wat deur God geroep word, maar wat beteken dit? Presies wat is 'n roeping? Is u geroep? Roep God u tans? Hoe sal u weet? Watter bewys het u? Is elkeen wat in God glo, deur Hom geroep? Waarom roep God mense? Roep God mense vir 'n ander doel as om Hom bloot te ken en lief te hê? Is 'n roeping dieselfde as bekering?

In hierdie artikel sal ons ondersoek instel na wat die Bybel oor 'n roeping onthul. Ons sal uitvind wat 'n roeping behels en waarom dit so 'n unieke geleentheid is. Ons sal ook te wete kom waarom dit noodsaaklik is om te verstaan wat die Bybel onthul oor hierdie belangrike onderwerp. Baie vrae wat verdeeldheid onder Christene veroorsaak, steek vandag kop uit omdat sommiges vergeet het – óf nooit verstaan óf geglo het nie – wat die Bybel duidelik onderrig oor 'n roeping nie.

**'n Ou Testamentiese roeping**

In die boek Jesaja vind ons verskeie verwysings na 'n roeping van God. Jesaja verwys na 'n "Kneg" van God, 'n "Uitverkorene", wat deur God *geroep* is om "'n verbond van die volk" en "lig van die nasies" te wees (Jesaja 42:1-6). Hierdie verse praat profeties van Jesus Christus en die rol wat Hy moes vervul. Dit blyk egter dat hulle ook 'n *tweeledige* verwysing na die volk van Israel bevat, wat in die vorige hoofstuk die "kneg" van God genoem word (Jesaja 41:8-10). Ons vind dieselfde parallelle verwysing na Christus en Israel ook in Jesaja 49:1-6, waar die kneg van God "geroep" is om 'n lig vir die nasies te wees. Die Hebreeuse woord wat vertaal is as "geroep" is *qara*, wat beteken "genooi, versoek, beveel." Hierdie teksverse dui aan dat God beide Christus sowel as die volk van Israel *vir 'n doel* geroep het – om 'n werk te verrig. Ons sal sien dat hierdie selfde betekenis – om vir 'n doel geroep te word – oorgedra is in die Nuwe Testament.

**Jesus verduidelik**

In die boek Mattheus lees ons "Uit Egipte het Ek My Seun *geroep*" (Mattheus 2:15). Josef en Maria het na Egipte gevlug met die baba Jesus, om Sy lewe te red (Mattheus 2:13-14). Hierdie toevlug na Egipte was egter net tydelik van aard, totdat die gesin na hul tuiste in Nasaret kon terugkeer (verse 19-23). Jesus is uit Egipte *geroep* om 'n sending te volbring – om die evangelie te verkondig, dissipels op te lei, Sy lewe as 'n offer te gee vir die sondes van die mensdom en om 'n Kerk te stig om met Sy werk voort te gaan. Soos ons sal sien, roep God mense na Sy Kerk, nié om van die wêreld weg te kruip – of om bloot sosiaal te verkeer nie – maar om deel te hê in 'n noodsaaklike sending.

Aan die dissipels wie Hy geroep het, verduidelik Jesus die doel van 'n roeping duidelik. Die Griekse woord wat as "geroep" vertaal is, beteken om "*genooi te word*" of "*om 'n uitnodiging te ontvang*". Christus het die dissipels genooi om Hom te "volg" en "vissers van mense" te word (Mattheus 4:18-22). Hulle is genooi om Sy voorbeeld en opdragte te volg en om Sy werk te doen. Hulle is nie genooi om hul Leraar te bevraagteken, te kritiseer of Sy woord in twyfel te trek nie. Hulle is nie genooi om Sy opdrag om die evangelie te verkondig te *ignoreer* of om *nuwighede aan te bring* aan Sy leringe nie. Hulle is vir baie belangrike redes geroep en om 'n bepaalde beloning te ontvang!

Jesus verklaar ook: "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot

bekering" (Mattheus 9:13). Ons word nie geroep weens ons goedheid of omdat ons verdien om geroep te word nie, maar omdat ons *moet verander*! Die Bybel stel dit duidelik dat "almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Romeine 3:23). Ten spyte van die boodskap van 'n ou Protestantse gesang, word 'n persoon nie geroep om te *bly* "nes ek is" nie. Ons word geroep om onsself te bekeer en te verander, om te groei, te oorwin en te leer om volgens die wette van God te leef – vir 'n werklik ontsagwekkende doel wat in verskeie Bybelverse uitgewys word.

Jesus vertel Sy *geroepe* dissipels dat daar aan hulle geestelike begrip gegee is wat nie beskikbaar is aan ander mense nie – selfs nie eens aan diegene wat hul geloof in God bely nie. Toe Hy deur Sy dissipels gevra is waarom Hy in gelykenisse praat, antwoord Jesus: "Omdat dit *aan julle gegee is* om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle [ander Jode van daardie tyd] is dit *nie* gegee nie" (Mattheus 13:10-11). Jesus haal dan die Ou Testamentiese profesieë aan wat aandui dat mense wie nie *geroep* is nie, *nie sou sien of verstaan* wat Sy *geroepe* dissipels sou verstaan nie (Mattheus 13:12-16). Die gelykenis van die saaier waarsku daarteen om 'n roeping as vanselfsprekend te aanvaar, ons roeping gedurende beproewings op te gee en om die sorge van hierdie wêreld toe te laat om ons aandag van ons roeping af te lei (Mattheus 13:18-23). Jesus sê aan die dissipels wat Hy reeds geroep het: "as julle nie verander nie … sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!" (Mattheus 18:3), waarin hy onthul dat 'n roeping nie sinoniem is met bekering nie. Jesus waarsku ook, "baie is geroep, maar min uitverkies" (Mattheus 20:16). Die kern van die saak is dat Hy sê dat 'n roeping nie beteken dat 'n persoon outomaties in die Koninkryk van God sal wees nie!

In die boek Johannes, maak Jesus nog 'n verbasende opmerking oor 'n roeping. Hy maak dié stelling: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie *trek* [roep] nie" (Johannes 6:44, 65). Met ander woorde, ten spyte van wat mense vandag vertel word, kan 'n mens nie 'n ware Christen word deur slegs die kerk van u keuse by te woon nie. 'n Roeping is nie net 'n kwessie van besluit om u hart aan die Here te gee nie. God moet u eers roep en begrip aan u *verleen*! Jesus stuur dan 'n baie geestelike gesprek van stapel wat baie van Sy dissipels nie verstaan het nie (sien Johannes 6:60). Diegene wat nie verstaan het nie, het bloot opgehou om Hom te volg (verse 63-66). Dit beteken dat, hoewel mense opreg in Christus mag glo, indien hul verstand nie geopen is om die plan van God en verborgenhede van die Koninkryk van God te begryp nie, hulle nie nou geroep word nie. Miljoene belydende Christene en mense glo in God. Maar as hulle die Waarheid verwerp – dat Kersfees 'n heidense uitvindsel en beledigend teen God is, dat die beloning van 'n Christen nie is om hemel toe te gaan nie, dat God nie 'n drie-eenheid is nie, dat die Heilige Gees nie 'n persoon is nie en dat die Sabbat en ander Heilige Dae vandag nog deur Christus se volgelinge onderhou moet word – is hulle eenvoudig *nie geroep nie*. 'n Roeping, wat God vir 'n spesifieke rede toestaan, is 'n *baie spesiale uitnodiging* deur God om Sy plan en die doel met die mens se lewe te verstaan.

Merkwaardig soos dit mag blyk, het Jesus nie agter volgelinge aangehardloop wat nie Sy boodskap verstaan het nie, om hulle so ver te kry om van plan te verander, sodat hulle gered kon word nie! Jesus het geweet dat God diegene roep wat aan Hom gegee is en dat andere eenvoudig nie op daardie tyd geroep is nie. Ander teksverse onthul dat hul roeping – hul geleentheid om te verstaan – op 'n later stadium sal kom.

**Paulus se perspektief**

Die apostel Paulus is geïnspireer om bykomende besonderhede rakende 'n roeping te onthul. Hy verduidelik: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is" (Romeine 8:28). Hy verduidelik dat God in Sy plan van redding

voorbestem (of vooraf vasgestel) het om 'n *aanvanklike* groep mense te roep wat deur Christus se opoffering geregverdig sou word om verheerlikte geesteswesens te word as *eerstevrugte* in God se Koninkryk (Romeine 8:23-30). Paulus dui aan dat indien ons daardie roeping aanvaar en gewillig is om deur God se Gees gelei te word (te volg waar God ons gedagtes open om te verstaan), ons die geleentheid gegun sal word om "erfgename van God en mede-erfgename van Christus" te word (Romeine 8:14-17). Soos ons sal sien, is dit 'n ontsagwekkende geleentheid!

Paulus beklemtoon voorts dat 'n mens moet reageer op die evangelie wat verkondig word deur God se ware leraars – leraars wat deur God "gestuur" word (Romeine 10:13-15). "Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!" (vers 15). Slegs diegene wat "die Here aanroep", die evangelie glo en daarop reageer, sal gered word.

Paulus verduidelik ook dat God "uitverkorenes" (Romeine 11:7) kies, maar dat Sy eie landsgenote, hoewel hulle in God glo, tydelik verblind is van die volle begrip van God se plan omdat hulle nie geglo het dat Jesus Christus die Messias was nie (Romeine 11:8-25). Paulus verduidelik dat hoewel hul roeping (om die uitverkore mense van God te wees) onherroeplik is, hulle tans in 'n staat van ongehoorsaamheid verkeer, in teenstelling met die uitverkorenes wat nou geroep word (Romeine 11:28-32), om te leer om volgens elke woord van God te leef.

Paulus skryf aan die Korintiërs: "let op jul roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, … nie baie edeles nie, … het God uitverkies …" (1 Korintiërs 1:26-27). God roep slegs diegene wat nederig genoeg is om Sy opdragte te volg soos in Sy woord vervat word – die Bybel. God kan nie met mense werk wat daarvan hou om oor die Skrif te redekawel of wat die Bybel wil vertolk volgens hul eie gevoelens nie. Paulus *herhaal* Jesus se woorde dat die Heilige Gees **spesiale geestelike begrip** van die verborgenhede van God gee aan diegene wat *geroep* word – begrip wat *nie* op hierdie tydstip aan andere in die wêreld beskikbaar is nie (1 Korintiërs 2). Hierdie is 'n sleutelaspek van 'n roeping van God. Indien u duidelik kan sien wat die Bybel as God se plan onthul – indien die evangelie van die Koninkryk van God vir u sin maak – dan het u tasbare bewyse dat u deur God geroep word! Die vraag is egter wat u met daardie roeping doen? Ons word ook in die Skrif vertel dat God Sy Gees aan diegene gee wat Hom *gehoorsaam* (Handelinge 5:32; Johannes 14:14-15). Dit beteken dat indien ons die waarheid van God betwyfel, met die Skrif argumenteer en ons eie idees volg, ons die *onderskeiding* wat God se Gees aan ons verleen, gaan begin *verloor* (2 Timotheus 1:6-7). Ons kan dan mislei word en ons roeping mis!

Paulus se briewe bespreek ook ander aspekte van 'n roeping. Hy vertel aan die Korintiërs wat geroep is, maar steeds in slawerny is of 'n onbekeerde eggenote het: "Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is" (1 Korintiërs 7:20). 'n Persoon wat as slaaf geroep is, mag vryheid nastreef (vers 21), maar vryheid self is nie die uiteindelike doelwit van 'n ware Christen nie. Ons word nie geroep om die wêreld nou te verander nie – dit sal in die toekoms gebeur – ons word nou geroep om *onsself te verander*! Die hoof doel van ons roeping is om te leer om volgens die *gebooie van God te leef* (vers 19). Paulus moedig die Efesiërs aan: "wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is" in nederigheid, sagmoedigheid, geduld en liefde (Efesiërs 4:1). Hy verduidelik dat ons geroep is in *een* verenigde liggaam en *een* geloof – nie baie verskillende groepies en weergawes van die waarheid nie (Efesiërs 4:3-6). Hy waarsku *geroepe* Efesiërs om nie mislei te word deur na die werke van die duisternis terug te keer *waaruit hulle geroep is* nie (Efesiërs 5:1-14).

Eweneens adviseer Paulus die kerk by Thessalonika dat ons almal tot *heiligmaking geroep is* (1 Thessalonicense 4:7). Dit behels vermyding van die luste en euwels van die wêreld (1 Thessalonicense 4:1-7). Indien ons 'n *lewenswyse volgens* God se instruksies verwerp, sal ons, in wese, God en Sy roeping

verwerp! Ons verstaan dat dit Paulus was wat in Hebreërs diegene wat tot saligheid geroep is vertel: "Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie" (Hebreërs 1:14; 2:1). Paulus vra dieselfde gehoor van geroepe individue: "Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam?" (Hebreërs 2:3). Die Skrif onthul duidelik dat 'n roeping nie iets is om ligtelik op te neem nie!

**Petrus se beginsels**

Die apostel Petrus herhaal talle van dieselfde punte wat Jesus en Paulus gemaak het oor 'n roeping. Petrus skryf ons is *uit duisternis* (ons vorige godsdienstige of ongodsdienstige agtergrond) *geroep* om 'n spesiale volk te wees "om te verkondig die deugde van Hom wat julle … geroep het" (1 Petrus 2:9). Hy waarsku dat sommiges oor die woord van God mag *stamp* (struikel) (1 Petrus 2:8), deur betrokke te raak in vrugtelose argumente of deur twyfel te laat ontstaan en hul roeping te mis. Petrus wys voorts (soos Paulus in Efesiërs 5 gedoen het) dat ons roeping behels om te leer om God se opdragte uit te voer. Ons moet ons onderwerp aan regering, diensknegte moet hulle onderwerp aan hul meesters, vroue moet hulle onderwerp aan hul mans, mans moet hul vroue liefhê, kinders moet hul ouers eer en ons moet almal eensgesind wees (1 Petrus 2; 3). Ons word geroep om God se lewenswyse te leer sodat ons dit aan andere kan leer – beide nou (1 Petrus 3:15) en in die toekomstige Koninkryk van God (Jesaja 30:20-21).

Petrus benadruk die "grootste en kosbare beloftes" wat ons *geroep* is om te ontvang; beloftes van die ewige lewe, 'n kennis van God se doel vir menselewens, om *deelnemers aan die goddelike natuur* te wees [lede van God se familie te word], en om die korrupsie [misleiding en verdorwenheid] wat hierdie aarde deurweek te ontvlug – as ons gedagtes eers geopen is (2 Petrus 1:1-4). Petrus vermaan ons om "**jul roeping en verkiesing vas te maak"** deur sekere eienskappe tot ons karakter *toe te voeg* – deug, kennis, selfbeheersing, lydsaamheid, godsvrug en broederliefde (2 Petrus 1:5-11). Petrus sê dat God *nie* alles vir ons doen nie! Daar is dinge wat *ons moet doen* om seker te maak van ons roeping!

Petrus verduidelik voorts dat diegene wat *geroep* is "**die profetiese woord wat baie vas is**" *gegee* sal word, sodat hulle hul sending om die wêreld te waarsku teen gebeure wat die wederkoms van Jesus Christus sal voorafgaan, kan volbring (vers 19). Hy stel dit ook duidelik dat *geen* profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie (vers 20). Petrus waarsku ook dat diegene wie geroepe is, versigtig moet wees om te voorkom dat hulle mislei word deur valse profete wat dwaalleer versprei, gesag verafsku en eiesinnig is, wat vryheid belowe en self slawe van die verdorwenheid is (2 Petrus 2:1-19). Hy merk op dat Christene wie gewilliglik tot dwaalleer terugkeer nadat hulle geroepe is, soos 'n hond is wat omgedraai het na sy eie uitbraaksel (vers 22). Dit is 'n kragtige stelling, maar dit is hoe God die persoon beskou wat sy rug op Sy roeping keer! Maar *waarom* roep God *tans* 'n spesiale groep mense voordat Hy die res van die mensdom roep? Wat is die uiteindelike doel van ons roeping?

**'n Roeping – die uiteindelike doel!**

In die skrywe van die apostel Johannes in die laaste boeke van die Bybel, vind ons van die mees opwindende besonderhede rakende 'n roeping. Johannes onthul dat ons "kinders van God genoem kan word" en "as Hy verskyn, [ons] aan Hom gelyk sal wees" (1 Johannes 3:1-3). Die doel waarvoor ons geroep word, is om te leer om *soos God* te word – om te dink en te reageer soos Hy. Dit sal ernstige inspanning van ons kant verg (1 Johannes 3:4). Diegene wat hierdie roeping aanvaar om te bekeer, te verander en te groei in hul begrip en toepassing van God se wette, sal die geleentheid gegun word om *as konings en priesters* saam met Jesus Christus *te regeer,* wanneer Hy terugkeer om die Koninkryk van God op hierdie aarde te vestig (Openbaring 1:6; 5:10; 11:15-18). Diegene wat geroep word,

word nou *uitgenooi* om die **eerstelinge** te word – 'n klein, spesiaal-opgeleide kern van individue om wie God Sy Koninkryk sal begin bou (Openbaring 7:1-4; 14:1-4). Hulle sal stigterslede word van 'n wêreldheersende regering wat Jesus in Jerusalem sal opstel om vrede en geregtigheid na hierdie planeet te bring (Jesaja 2:2-4; 9:6-7). Hulle sal die geleentheid hê om God se lewenswyse aan die hele mensdom te leer (Jesaja 2:2-4; 11:9).

Maar wat sal dit verg om hierdie ongelooflike doelwit te bereik? Wie sal eintlik die voorreg hê om Jesus te vergesel met Sy wederkoms? Weereens onthul die apostel Johannes se geïnspireerde skrywes die antwoord. In die boek Openbaring word ons vertel dat Jesus triomfantlik na hierdie aarde sal terugkeer as Koning van die konings en Here van die here, "en die wat saam met Hom is, **geroepe en uitverkore en getrou**" is (Openbaring 17:14). Soos ons reeds gesien het, word aan diegene wat *geroepe* is spesiale geestelike begrip gegee wat nie nou al aan die res van die mensdom beskikbaar is nie. Hierdie begrip stel hulle in staat om die ware doel van menselewe en die algemene uitleg van God se plan te verstaan. Diegene wat *uitverkore* is, het hul roeping aanvaar, hulle bekeer en word gelei deur die Heilige Gees om te groei en verander. Hulle het geleer om volgens elke woord van God te leef sodat hulle andere kan leer. Diegene wat *getrou* is, sal deur die beproewings en versoekings van hierdie lewe volhard. Hulle sal hul nie laat mislei deur vals leraars nie en sal nie hul aandag laat aflei en laat afdwaal deur die sorge van hierdie wêreld nie. Hulle sal vasklou aan die waarheid en nie die oortuigings waarvoor God hul verstand geopen het, prysgee nie. Hulle sal die beloning van die ewige lewe ontvang (1 Korintiërs 15:20-22, 50-54) om op die aarde te regeer as verheerlikte geesteswesens, om deel te vorm van die heel eerste lede van God se groeiende familie. Dit is die uiteindelike beloning vir diegene wat geroep word en getrou bly aan daardie roeping!

Vriende, *sien* u u roeping? *Verstaan u werklik* waarom u geroep word? Begryp u die ongelooflike geleentheid wat u gebied word – om onder die *eerstelinge* in God se plan te wees? Is u *vasbeslote* om daardie roeping te benut? Namate ons die einde van hierdie tyd nader, moet u nie u roeping ligtelik opneem nie! Moenie die unieke geestelike begrip wat God u verleen het as vanselfsprekend aanvaar nie! Moenie toelaat dat die sorge van hierdie wêreld u aandag aflei van daardie merkwaardige roeping nie. Moenie dat enigiemand u mislei en u van u kroon beroof nie. Maak u roeping en verkiesing *seker* deur die kennis, karakter en vaardighede te ontwikkel wat God kan gebruik in die jare wat nou voorlê. U is *geroep* om in 'n ontsag-wekkende beloning te deel – die geleentheid om 'n hoofrol te speel in die vestiging van die Koninkryk van God op hierdie aarde. Moenie hierdie *spesiale uitnodiging* wat God aan u bied misloop nie! Dit is nóu die tyd om die vraag te oorweeg: "Wat doen u met u roeping?"**§**

## Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

gaan agter hulle onregverdige wins aan" (Esegiël 33:30-31).

Mag God gee dat u in staat sal wees om wakker te word en te reageer! Dit is in u ewige belang dat u nie bang is om te erken dat u nooit persoonlik die soort "bekering" ervaar het waarvan die Bybel praat nie – dat u nog nooit die ware krag van die Heilige Gees in u lewe ervaar het, om u te help om te groei "tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efesiërs 4:13).

Laat ek doodeerlik wees! Die meeste belydende Christene en kerkgangers was nog nooit die kragtige boodskap van die komende Koninkryk van God geleer nie. Hulle was nog nooit geleer wat "sonde" werklik is nie! Hulle was dus nog nooit in staat om hulle ten volle te bekeer en behoorlik gedoop te word soos God beveel het nie.

Is u geleer van ware berou tot bekering?

Lees asseblief die volgende verduideliking, van ware

bekering deur een van God se getroue dienaars, noukeurig:

> "Laat ek dus hier iets noem van bekering wat ek vind die meeste mense nie verstaan nie.
>
> Die BEKERING wat vereis word, as 'n voorwaarde vir ware bekering deur die ontvangs van God se Heilige Gees, is iets baie anders as wat die meeste mense veronderstel. Dit is oneindig meer as om net God se WAARHEID, of deel daarvan, te "sien" en goed genoeg te wees om dit aan te neem en te aanvaar. Dit is iets heel anders as om slegs met sekere leerstellings saam te stem.
>
> Wie u ook al is, U HET TANS of in die verlede 'n AFGOD gehad. U het 'n ander 'god' voor die aangesig van die ware lewende Almagtige God gehad. Dit mag dalk u stokperdjie of gewoonte of 'n tydverdryf wees. Dit mag u man of vrou, kind of kinders wees. Dit mag u werk wees. Dit mag u eie YDELHEID, u grimering, u besigheid of beroep wees. Dikwels is dit die opinie van u vriende, u familie, vriendekring, sosiale- of besigheidskennisse.
>
> Wat dit ook al is, daardie afgod moet eers VERBRYSEL en VERNIETIG word, dit moet letterlik uit u gedagtes geruk word, al maak dit seerder as om u tande en deel van u kakebeen uit te ruk! Ek glo nie dat baie mense dit pynloos ervaar nie! Ek weet nie van enige verdowingsmiddel wat dit beter sal maak nie. Dit blyk dikwels meer pynigend as dood deur die ergste marteling te wees" (Autobiography of Herbert W. Armstrong, Vol. 1, bl. 593).

Geagte leser, het u al ooit hierdie soort ware bekering ervaar?

Jesus Christus is nou besig om 'n groep ware bekeerde, veranderde en getroue Christene op te lei om onder Hom te dien in Sy komende wêreldregering. Die tyd vir halfhartige Christenskap is verby! Die tyd om "kerk-kerk" te speel is verby! Lees asseblief die artikels in hierdie uitgawe noukeurig en met gebed. Vra God vir ware begrip en vra God vir die geloof en moed om op Sy Waarheid te reageer!




## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie gratis insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan:** **Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel:** **058 622 1424**